


- 29) 'n Engelse duim is 2,54 sentimeter lank.  
 30) 'n Engelse acre is 40,5 are.  
 31) 'n Engelse sentenaar of hundredweight is die gewig van 100 pond van elk 453 gram.



*Tekening deur Dr. H.T. Wangemann gemaak van die sendingstasie Botshabelo van die Berlyne sendinggenootskap by die huidige dorp Middelburg in Oos-Transvaal. Op die koppie is die Fort Wilhelm, deur die stigter sendeling Alexander Merensky na die Duitse keiser van sy tyd genoem; op die vestingtoring waai die vlag van die Duitse keiserryk. Die fort is later Fort Merensky na die sendeling genoem.  
 Tekening in H.T. Wangemann, "Ein Reisejahr in Süd-Afrika 1866/67" (1868) opgeneem.*

BYVOEGSEL<sup>†</sup>)

Dr. Wangemann<sup>1)</sup> se reis in Suid-Afrika 1866-1867\*

Na 'n kort verblyf in die Kaapkolonie waar hy op 17 September 1866 geland het, en na die besoek aan die digby geleë sendingstasies het Dr. Wangemann die suidelike kusprovinsies van die Kaapkolonie tot Brits Kaffraria bereis. Daarna het hy hom noordwaarts na die Oranje-Vrystaat en die Transvaalse Republiek begewe. Laat ons die uitvoerige berigte oor die sending buite beskouing dan bevat sy aantekeninge solank hy in die Kaapkolonie vertoef het, min wat aardrykskundige belangstelling kan wek. Slegs enkele kort aantekeninge kan hier aandag kry.

'n Oerwoud aan die Suidkus - By Uitenhage naby die Algoabaai en dus digby die lewendige handelstad Port Elizabeth het die reisiger nog oorblyfsels van Afrikaanse oerwildernis aangetref, want uit 'n naby geleë oerwoud het olifante die tuine van inboorlinge binnegedring en alles verwoes. Dit was plotseling, so vertel hy, 'n geheel ander toneel wat ons omring het. Die hele heuwelige vlakte waarvan die rante lyk op die Thüringer Woud, ongeveer die streek van Meiringen, is deur groen bos omgewe. Dit is egter nie hoër as 15 tot 20 voet en bestaan uit euforbia's, spekbome, kaktus, agawe en allerlei slingerplante. Dit is in so 'n digte weefsel gevleg dat 'n menslike voet daar nie deurheen kan dring nie. Aangesien die sapryke plante dit nie toelaat dat die wildernis verbrand nie, is hier nog plek vir wild. Selfs die olifant en buffel word hier nog in kuddes aangetref. Die aanblik van hierdie immergroen berge met hul volstrek uitheemse plantegroei is baie aantreklik, hoewel die wildernis selfs deur die vee nouliks benut kan word, sodat die distrik tot die armste behoort, ook al is die plantegroei daarin van die weelderigste. (Aldus Dr. Wangemann.)

Oorblyfsels van die Duitse legioen - In Brits Kaffraria het Dr. Wangemann dikwels oorblyfsels van die ontbonde Duitse legioen aangetref wat soos bekend is na die Krimoorlog na die grens van Kafferland verplaas is.

Vanuit geestelike standpunt kan hy begrypikerwys nie veel roemryks daaroor berig nie. Tog het dit hom goed gedoen om in Berlyn, Potsdam en ander Duitse nedersettings in sy

\*Noot een, Aanhangsel (Byvoegsel) - Uittreksel uit die boek "Ein Reisejahr in Süd-Afrika, Ausführlisches Tagbuch über eine in den Jahren 1866 und 1867 ausgeführte Inspektionsreise durch die Missions-Stationen der Berliner Missions-Gesellschaft von Dr. Wangemann, Missions-Director" ('n Reisjaar in Suid-Afrika; uitvoerige dagboek oor 'n in die jare 1866 en 1867 gemaakte inspeksiereis langs die sendingstasies van die Berlynse Sendingsgenootskap deur Dr. Wangemann, sendingsdirekteur) wat onlangs as uitgawe van die sendinggenootskap in Berlyn verskyn het en ryk geïllustreer is.

moedertaal te preek. Die klein dorp Potsdam is wondermooi tussen doringkoppies geleë, maar 'n groot aantal huise van vroeëre legioensoldate lê in puin en slegs drie of vier is nog bewoon. 'n Meneer Von Herzberg, agterneef van 'n voormalige minister, is skoolmeester. 'n Graaf Lillienstein bewerk sy tuin weens armoede sonder daglonerhulp met eie hande en is voorsitter van die kerkraad. Die kerk is in die hut van 'n voormalige legioensoldaat ingerig. Ook Berlyn is heel mooi geleë: die uitsig van Berlyn na die teenoor liggende Charlottenburg en in die diep doringklowe was pragtig wat lig, hemel en uitsig betref. Ek sou wil dat ons sendingsentrum in die Duitse Berlyn - Sebastiaanstraat 25 - in hierdie klein Afrikaanse Berlyn sou staan om daar by die drie bestaande, effektief bewoonde huise die vierde te wees.

Berlyn is ongeveer 12, Potsdam 18 Engelse myl van King-williamstown geleë.

In Stutterheim het die generaal van die Duitse legioen van wie die plek die van dra, 'n indrukwekkende paleis gebou, maar 'n vreeslike storm het dié werk verwoes. Die ysterdak is duisend tree ver geslinger en die mure is uitmekaar gestoot. Wat nog bruikbaar was, het die mense weggesleep, sodat van die trotse praggebou slegs 'n onaansienlike puinhoop oor is. Merkwaardig is ook die algehele verdwyning van die digby geleë taamlik groot dorp Greytown met al die ten dele mooi huise. Tien jaar gelede is dit vinnig gebou, sedert vyf jaar is dit verlate en nou is daarvan slegs nie-tige, met gras begroeide hoogtes oor.

Karakteristiek van swartes en Hottentotte - In die Kaapkolonie en Brits Kaffraria het die reisiger dikwels geleentheid gehad om vergelykings tussen die twee rasse van inboorlinge te maak en hy skryf daarvoor 'n besondere aantekening:

Die onderskeid tussen swartes en Hottentot - Hierdie naam as 'n versamelnaam vir die gekleurdes in die ou Kolonie gebesig, is die algemeenste. Die Hottentot het geen gevoel vir nasionaliteit nie; hy vorm met 360 000 van sy gelykes op geen manier 'n volk nie, terwyl by die swartes slegs 'n paar honderd by mekaar hoef te woon om hulle as swartes te laat voel. Die Hottentot is van geboorte 'n slaafs gesinde mens wat in die blankes sy meester sien, wat hy wel sou wil belieg en bedrieg maar wat hy altyd slaafs gehoorsaam. Die swarte daarenteen sien in die Europeër 'n indringer wat hy vrees en haat, wie se juk hy graag sou afwerp, maar aan wie hy hom nie as slaaf sou wil onderwerp nie. Die Hottentot is swak, slap van karakter, die swarte is sluis, taai vashoudend aan sy mening. Die Hottentot ken geen nasionale tradisie nie, die swarte word daardeur tot in sy binneste weefsels beheers. Hy het sy stamhoofde wat hy blindelings volg en wie se mag hy erken, selfs waar hy deur die Engelse gebreek is. Hy het 'n familiebewussyn, 'n intense liefde vir sy bloedverwante. Slegs met moeite raak hy gewoond aan die denkbeeld dat die hele land nie meer sy eiendom is nie.

Die Hottentot let nouliks op die waarde van die geld, en wanneer hy 'n bietjie geld besit, sit hy dit dadelik in

klerasie en allerlei prulle om; wanneer die sendeling maar die goeie tydstip kan afwag, dra die Hottentot graag gewillig en ryklik tot die kerk en die sending by. Die swarte daarenteen hou sy besit taai en gierig byeen en glo dat hy die sendeling nog 'n genoeë doen as hy hom met die sakramente laat bedien. Geen Hottentot sou dit waag om parmantig en ongehoorsaam teen die leraar op te tree nie, maar dit gebeur maklik by swartes in heftige oomblikke.

'n Opvallende teenstelling tot hierdie trots en selfbewussyn van die swarte is sy neiging tot bedel. Hul koning sowel as die geringe kneg skaam hulle nie om te bedel nie. Koning Sandile<sup>2)</sup> het by my gebedel om 'n sixpence (5 Sgr) vir tabak, om 'n selfde bedrag as die hawelose bedeljons in Sankt Vicenz vra. Die swarte is hard van hart en vashoudend en vorm daarom 'n beter natuurlike akkergrond vir die sending as die week, slap Hottentot, hoewel dit andersyds gewoon moeilik is om in so 'n hart van klip binne te dring.

(Die redakteur haal daarna Dr. Wangemann soos volg aan:)

Die vermoede dat die swartes van die Jode afstam, ongeveer as mengvolk van Ismaeliete en negers, vind bevestiging nie slegs in die taal en sedes nie, maar ook in die gelaats-trekke van die swartes. Verskeie gesigte, onder andere ook van Sandile, dra uitgesproke Joodse trekke. Ek het 'n swartman gesien wat wanneer hy Europees gekleed in Berlyn sou rondstap, deur 'n ieder as Jood beskou sou word; hy het selfs van sy landgenote die naam "Jood" gekry. Die singende gelispel van die taal herinner eweneens dikwels aan die gebabbel van Jode in familiegesprek. Die verbod van eet van vleis met bloed, die lobola,<sup>3)</sup> die verbode grade van bloedverwantskap by huwelike, die besnydenis, die uitgesproke familiebewussyn bevestig dié vermoede.

Toestande in die Oranje-Vrystaat - Op 26 Februarie (1867) het Dr. Wangemann by Bethulie<sup>4)</sup>, 'n boeredorp wat tot vier jaar gelede 'n Franse sendingstasie was, die Oranjerivier oorgesteek wat hier soos die Elbe by Dresden slikerig en kleierig rimpelend voortstroom, maar nietemin so diep is dat selfs perde en osse daarvoor moet swem. Van Bethulie het hy hom regstreeks na Bethanië<sup>5)</sup> begewe en van daaruit besoek hy verskeie plekke, soos Paardekuil, die bekende hoofstad van die Barolong Thaba Ntsjoe, Bloemfontein, regeringsentrum van die Vrystaat, en ten weste van Bethanië Fauresmith. Tydens die verblyf in hierdie streek leer hy die toestande in die Vrystaat enigins ken.

Die staatkundige ordening skyn nog nie volledig gevestig te wees nie: wie invloedryke verwante in die goewerment het, word spoedig 'n man van aansien, wie weerloos is, word gepluk. Die boer staan in die algemeen op 'n laere ontwikkelingspeil as in die Kaapkolonie. Die staatsfinansies is in wanorde, daar is amper geen kontantgeld nie, hulle betaal hier met "bluebacks", dit is papiergeld wat tien persent minder waarde as die nominale waarde het, of met wol wat

altans in Port Elizabeth in kontant omgesit kan word. Ieder groot koopman en hoteleienaar maak sy eie papiergeld.

Nog tien jaar gelede was dit maklik om ryk te word, maar tans hang baie van bloedverwantskapsbetrekkings af. Geen boer sou dit waag om by 'n ander koopman te koop wanneer hy reeds met een in verbinding staan nie. Die koopman sorg daarvoor dat sy afnemer tot 'n bepaalde bedrag by hom in die skuld staan. Sou hy nou na 'n ander koopman wil gaan, dan dreig die eerste om die skulde met een slag in te vorder, wat die boer weens die gebrek aan kontantgeld skielik in verleentheid sou bring. Nou moet hy koop, kontantgeld bring hy nie saam nie, maar in plek daarvan wol of graan. Natuurlik maak die koopman daarop 'n dubbele wins. So word dit egter vir die beginner in die huidige tyd nouliks moontlik om 'n bedryf te stig in die buurt van 'n reeds gevestigde enigsins beleidvolle en energieke koopman. Bowendien het die beginnende koopman 'n aansienlike kapitaal nodig, want die winkelbedryf is in die Vrystaat in die algemeen 'n ingewikkelde saak. Die koopman verdien behoorlik aan die goedere in natura wat hy in plaas van geld ontvang. Daarteenoor moet hy egter alle denkbare ware in sy bedryf in voorraad hê om te voorkom dat sy klante na ander winkeliers gaan. Dit vereis 'n omvangryke kapitaal. Veel goedere bly onverkoop en bederf en talle skuldenare betaal nie, sodat teenoor buitengewone wins nie selde buitengewone verlies staan nie. Daarby kom dat die handel in wol, die hoofproduk van die Vrystaat, altyd riskant is. Dikwels is in Suid-Afrika die wolpryse nog hoog terwyl hulle in Engeland reeds gedaal het, en die koopman kan op hierdie wyse duisende ponde sterling per dag verloor.

Die sending onder die Koranna's, Pniël aan die Vaalrivier - Van Fauresmith het die reisiger sy weg noordwaarts oor Poortjesdam (vroegêr Vogelstruiskuil) en Boshof na Pniël gevolg. Pniël lê in die suidwestelike hoek van Transvaal teenoor en bo die linkerwal van die Vaal. Hierdie rivier is hier ook by gewone waterstand so diep dat hy nie deurwaadbaar is nie, en hy styg by hoogwater met 50 voet. Die water het 'n geel kleur en die rivierbed is nie breër as die Elbe by Dresden nie, maar op die walle groei hoë wilger- en kareebome, sodat hy langs sy hele loop 'n baie lieflike aanblik bied. By Pniël omring rye koppies 'n halwe kring van nie al te steil aflopende grond wat geskik is vir aanleg van damme en tuine. Van hierdie grond is 'n deel kalkagtig of swavelhoudende brakgrond. Dit is weliswaar nie besonder vir tuine geskik nie, maar is begroei met soutplante wat uitstekende skaapvoer is. 'n Ander deel bestaan uit sand en pottebakkersklei wat goeie landbougrond is en wat gras en struikgewas vir beeste dra. Langs die rivierwalle is daar ruimskoots hout. Kortom, die grond om Pniël is heel goed vir skaapteelt en kan ook beeste ruim voldoende voer verskaf. In Suid-Afrika is egter alleen die skaapteelt winsgewend omdat hy wol voortbring, wat oor die see vervoer kan word, terwyl daar vir melk, botter en vleis óf geen afsetmark te vinde is

nie, óf waar in die stede en dorpe so 'n mark wel aanwesig is, die prysverhoging weens die vervoerkoste te groot is.

Die Berlynse sendinggenootskap het aan hierdie stasie veel geld en moeite bestee sonder daarvoor dank van die daar gevestigde Koranna's te ontvang. Die Koranna's is 'n Hottentotstam en 'n merkwaardige nasie. Hulle is trots op hul nasie, jaloers oor hul onafhanklikheid, stadig by die werk, leef slegs van veeteelt, bowendien eerlik sodat diefstal by hulle nouliks voorkom, vir sover misleiding deur Europeërs hulle nie verlei het nie, onbetroubaar wat betref opgedrae arbeid en toevertroude goed, minder geneig tot egbreuk as ander stamme, maar baie teueloos in hul kleding, goedmoedig, tegemoetkomend, hulpvaardig - dit is die hoof-trekke van hul geaardheid. Hul onafhanklikheidsin dryf hulle steeds verder weg van die woninge van blankes, want hulle wil geen knegte wees nie. Hulle neem die Evangelie nie al te moeilik aan nie, hoewel hulle nie uitblink in die goeie vrugte daarvan nie.

Die land tussen die Vaal- en Hartsrivier - Toe Dr. Wangemann op 11 April (1867) Pniël teenoor die gebied van die Transvaal-Republiek betree, is hy nie baie aangenaam deur die doringstruik ontvang nie wat hulle daar tussen die welige skaapweivelde breed maak nie. Hy het sewe verskillende soorte doringdraende struik getel, die een nog boosaardiger as die ander, met weerhake aan die dorings wat na alle kante uitsteek, sodat jy so 'n struik nouliks kan aanraak sonder om vas te haak. Hy het langs 'n moeilike pad die Vaal stroomopwaarts gevolg tot by die vroeëre sendingstasie Saron. Daar het hy afgedraai en noordwaarts deur die sogenoemde Leeuveld na Manusa gery. Die land was merendeels gelyk, eers by die laasgenoemde plek het die terrein heuwelagtig begin word. Hier was op die koppies talle krale van Koranna's en Betsjoeana's. Die woninge van die eersgenoemdes onderskei hulle van dié van laasgenoemdes deurdat dié van Betsjoeana's eirond en bo-op gewelf is, terwyl dié van die Koranna's spits toeloop, altyd in groepies by mekaar staan en 'n hof vorm wat deur heinings van riet in afdelings verdeel is.

Ten ooste van Manusa styg die land - 'n groot, kaal grasvlakte met hier en daar doringstruik en kameeldoringbome - sienderoë trapsgewys. Jy glo voor jou die rand van 'n heuwel wat hom breed langs die horison uitstrek, te sien. Het jy egter die heuwel bereik dan gaan jy nie verder afdraande nie maar 'n soortgelyke rand begrens weer die horison. Op die vlakte beweeg troppe blesbokke, springbokke en wildebeeste rond. Eenmaal het 'n trek van meer as 'n halwe uur lengte in rasende vaart verby gestorm, miskien agtervolg deur 'n leeu of wilde honde.

Die Betsjoeana's gebruik die wilde honde om die wild deur hulle te laat opdryf. Sou alleen die honde 'n wildebees jaag dan sou hy hom verdedig, maar as die mens saamjaag dan loop die dier weg en word deur die honde gestop en deur die Betsjoeana's gedood. Daarom is die wilde hond vir die Betsjoeana's 'n heilige dier en wie so een doodmaak, sou

stellig ook gedood word as hulle sou kon. Hulle beeld die jag van die wilde honde op die wildebees in hul spele uit. Die skare dogters is die wildebeeste, die seuns die wilde honde. Die dogters bly in 'n groep en loop deur mekaar soos die wildebeeste, die seuns omring hulle soos wilde honde. Af en toe loop 'n wildebees uit die groep na 'n hond om hom te stoot en daarna in die groep terug te keer en so verder.

Hier en daar het lieflike plekke in die land die reisiger aan die Duitse landskap herinner. So het die streek by Hartebeestfontein veel gemeen met Freienwalde aan die Oder, hoewel die breë Oderrivier en die fris, sappige weivelde ontbreek en die mimosabosse lank nie so mooi as die Freienwalde is nie.

Potchefstroom en die grot van Wonderfontein - Dr. Wagemann het Potchefstroom op 20 April (1867) bereik. Dit lê aan die Mooirivier wat reeds as 'n sterk stroom uit 'n klein rotskrans tevoorskyn wel sodat hy 'n menigte erwe in die dorp kan bewater. Die dorp is wel 'n halfuur lank en omdat om al die erwe hoë bome geplant is, steek dit soos 'n groot park in die omgewing af, waarin slegs selde 'n dak tussen die bome sigbaar is.

In die omgewing lê talle boereplase, amper digter by mekaar as in die Vrystaat, en op talle daarvan getuig die huise van die besitters se welstand. Oor die algemeen is die land veel mooier as in die Vrystaat. Pleks van die wye, waterlose vlaktes van daarginds is hier oral sterk stromende spruite sodat die aanlê van damme in 't geheel nie nodig is nie, oral is voedsame dik gras en pleks van die afsonderlike koppies in die Vrystaat is hier klein rante wat steeds hoër styg, tot 1000 en 1500 voet bo die vlakte.

'n Boereplaas, noordwes van Potchefstroom, Wonderfontein genaamd, het beroemd geword deur die uitgebreide druipsteengrot wat vier jaar gelede ontdek is en waarvan die gange hulle ure ver uitstrek. Toe ek daarin gaan, so vertel die reisiger, was ek verbaas dat in die gelyk land waarvan die koppies hier nouliks 50 voet hoog is, 'n holte voorkom. Ons moes eers amper op die top van hierdie koppie gaan en het daar onder skaduryk, hoë bome 'n gat gevind waarin ons sowat 30 voet diep nie sonder moeite nie ondertoe gekruip of geklouter het. Benede het ons klein sale van 15 tot 30 voet hoogte aangetref. Tog was die gemiddelde hoogte van die gange slegs 10 tot 12 voet. Die grot is wat betref die grootsheid van die sale nie te vergelyke met die Kangogrot in die Swartberge van die Kaapkolonie nie, maar bied niemin veel merkwaardigs en interessants. Die druipsteen was hier en daar blinkend wit soos wit marmer en vertoon behalwe die gewone yskeëlvormige stalagtiete ook gordynagtige vorme sodat horisontaal teen die muur gerig hier en daar vlakke van 3 tot 5 voet breedte en een duim dikte van bo na onder strek. Die druipsteen kom ook voor in vorme van borde, geheel gelyk aan die klankbord van 'n kansel aan die muur gekleef. Die orige druipsteen vorme lyk op dié in die Baumanssen Bielsgrot, in die Kangogrot en in Muggendorf en

Streitberg, hoewel hulle nóg in veelsydigheid nóg in grootte dié grotte kan ewenaar. Helaas het die boer wat hierdie grot ontdek het, in die druiptene aanvanklik slegs bruikbare kalk gesien en alle groot en mooi keëlvormige druiptene afgeslaan, sodat daarvan slegs die boonste dele oor is. Daarvan afgesien is die vorme van die grot as geheel merkwaardig, hy lyk op 'n uitgebreide myn of bergwerk met ongewoon hoë gange waarin jy deur 'n ingang wat op 'n skuins skag lyk, afdaal. Benede vertak die gange hulle soos are na alle rigtings en vorm hier en daar groot sale waaruit die afsonderlike gange met hul dwarsgange loop. Die dwarsgange is ten dele so kort en loop so dig langs mekaar dat jy hulle nie ver kan volg nie en die einde spoedig te sien is. Hier en daar lei die gange na 'n waterloop waarin die water tot kniehoogte reik, wat ruisend weg in die grond vloei. Die waterloop lê meestal so diep dat jy nie maklik daarin kan afklim nie, ja, dit ook nie duidelik kan sien nie (aldus Wangemann).

Verder in die rigting van Pretoria het die reisiger die loop van 'n taamlik vol spruit gevolg wat plotseling in die grond verdwyn het. Op ander plekke het hy sterk spruite uit die klippe sien opwel. Die grond is so vol gate dat spruite heeltemal daarin wegsyfer en net soos in die Wonderfontein-grot hul loop 'n tyd lank ondergronds voortsit. So is dit byvoorbeeld met die Limpopo. Hy breek tevoorskyn uit 'n nie baie hoë maar met pragtige bome romanties versierde kliprant en verdwyn enkele honderde tree verder heeltemal onder die grond, sodat jy oor hom ry sonder om 'n spoor van hom te sien.

Die bergland suid van Pretoria, die Hoëveld - Intussen het die reisigers in 'n egte bergland aangekom. Die berge het moontlik 1500 tot 2000 voet bo die heuwelige vlakte opgerys. Die bergtoppe het die steil, getande vorme van die hooggebergte getoon en die vleie het soos in egte gebergtes vanaf die hoogtes gedaal. Ook Pretoria lê in 'n dalketel wat aan alle kante deur groot en klein berge begrens word maar noordwaarts daarvan brei die Hoëveld hom uit wat wel 'n 6000 voet bo die seevlak lê. Tussen sagglooiende rante lê vleie of dale, wat ten dele klein spruite, ten dele diep moerasse, ten dele albei in hul diepste profiel verberg. Die berge styg nie al te hoog bo die vlakte nie. Hoewel bo-op mooi gras groei, maak hierdie geheel die reis in die land baie moeilik, omdat 'n mens die vleie bokant die oog van die bron moet passeer of met groot moeite deur die moerassige dele moet ry. Groot troppe wild, ook troppe volstruise, trek op die Hoëveld rond.

Na die kant van Botshabelo, die reisigers se volgende doel, het die landskap weer bergagtig geword. Met name die Olifantsrivier en die Mohlotsi, 'n syrivier daarvan, stroom tussen diep, steil walle, ten dele wildromantiese rotsvorme. In die besonder by Botshabelo self is daar ook weer enkele klein bosse, na Kaffraria en die Vaalrivierwalle die eerste ná die lang reis oor die leë, kaal steppevlaktes.



Botshabelo - Op hierdie sendingstasie wat tans 650 bewoners tel, het sendeling Merensky<sup>6)</sup> met sy swartes op 'n hoë bergtop 'n fort gebou as beskerming teen die dreigende aanvalle van die hoofmanne Sekoekoeni en Mapog en dit Fort Wilhelm genoem.<sup>7)</sup> Rondom hierdie vesting lê 'n kring van hutte van swartes, waarin hulle woon wat in sekere sin as lyfwag in geval van nood dadelik die fort kan beman terwyl die krale van orige bewoners tussen die ryk mielievelde van die vlei lê. Lede van drie verskillende stamme het na die beskerming van hierdie vesting gevlug, merendeels gedooptes, om aan die willekeur van heidense hoofmanne te ontsnap. Diefstal kom glad nie onder hulle voor nie. Van egbreuk was daar in die twee jaar van die bestaan van Botshabelo een geval. Gebreke uit die voorgaande tyd van heidendom oorgeneem, is gebrek aan energieke arbeid, ondankbaarheid vir ontvangte weldade en gebrek aan egte familieliefde.

Die boere in die distrik Lydenburg - Hulle is amper almal arm. Hulle is 'n vreemde soort mense, in hul hart is hulle koppig en vreesagtig. Hulle woon op grond wat die heersugtige Matabelehoofman Mapog sonder regsgrond tot sy eiendom verklaar het. Mapog setel in sy rotsnes, die boerekommando leer hom voor die rots, en het hom so ver uitgehonger dat sy mense soos geraamtes rondsluip. Maar intussen kom die ploegtyd vir die boere, hulle kan nie langer aan die veldtog deelneem nie en moet onder alle omstandighede huis toe gaan, as hulle nie eerskomende jaar honger wil ly nie. Daarom onderhandel hulle met Mapog,<sup>8)</sup> erken hom die oorwonnene as heer van die grond en betaal hom 'n tribuut aan vee.<sup>9)</sup>

Die betrekkings met die ander boere van die Republiek is heel gering. Wanneer laasgenoemdes geen lus het nie stuur hulle geen kommando as hulp nie en die rower Mapog hou met sy 700 gewapendes 'n hele boeredistrik in skaakmat. Daar is boere wat sonder lang nadenke swartes neerskiet, onderdruk en kwel waar hulle glo dit ongestraf te kan doen, maar hulle is tog te slap om so 'n kêrel op die regte tyd te tugtig. Die swartes begin dit reeds te bemerk en wanneer nie spoedig ferm opgetree word nie, kan dit gebeur dat die bestaan van hele boeredistrikte soos Zoutpansberg en Lydenburg in gevaar kom. Botshabelo ontvang van die Boereregering eintlik geen behoorlike beskerming nie. Sou mense van daar vermoor word dan sou nouliks daarna gevra word, veral wanneer die moordeenaar 'n boer sou wees. Andersyds is selfbeskerming verbied omdat Botshabelo onder die gesag van Pretoria staan. Die swartes wat in 1865 enkele mense van Botshabelo vermoor het, is tot nou toe ongestraf omdat die boere in die omgewing hulle nie as arbeiders wil verloor nie. Dit is 'n vreemde gevoel om in sulke Middeleeuse toestande waarin 'n ieder hom so ver laat geld as sy energie of moed hom toelaat, te lewe.

Die wildernis in die Noorde - Die spore van die gevegte tussen Mapog en die boere was ten noorde van Botshabelo nog duidelik te sien toe Dr. Wangemann sy reis noordwaarts vervolg het. Oral het hy verbrande boerehuise, verwoeste tuine, onberybaar geworde paaie en vreesagtige boere asook hele ben-

des wat met hul wilde gesigte in die land rondtrek, waargeneem. Die streek was voorheen veel meer bebou, ook Gerlachs-  
hoop<sup>10)</sup> lê tans in puin, deur gras en onkruid oorgroei.

Tot nou toe het die reis oor romanties mooi, maar klip-  
perige en moeilike bergpaaie gegaan. Toe het egter die eint-  
like Bosveld en leeuveld begin, waarin 'n mens agt dae lank  
geen menslike woning kon verwag nie. Die heuwelagtige land  
is geheel met doringbossies begroei, maar hulle staan in die  
algemeen so ver van mekaar dat die wa daar tussendeur kan ry  
sonder hulle aan te raak. Somtyds is hulle so dig dat die wa  
daaroorheen moet ry of 'n mens moet *met* die byl 'n deur-  
pad maak. Nie selde pak die doringtakke die watent en as dit  
nie sterk en nuut is nie dan skeur hulle dit onbarmhartig  
stukkend.

In die algemeen is die grond gelyk, maar af en toe kom  
reënvore van tot 30 voet diepte of klein riviere met steil  
walle voor, wat die reisigers nie selde noodsaak om ure lank  
die rivier se loop te volg om 'n geskikte drif te vind nie.  
Erger nog is die moeras wat geen ompad toelaat nie wanneer  
dit enigszins breed is, met die risiko om dae lank te bly  
vassteek. Dit duur totdat jy jou uitgegrawe het, die wa af-  
gelaai en leeg daaruit gery het en die lading stuksgewys  
deurgedra het. Daar is ook enorme klippe op die pad waarop  
die wa moet ry, en ten slotte nog 'n magdom van vanggate wat  
die boere en swartes wat in die Bosveld jag, so dig moontlik  
by die waspore en paaie maak. Dit is diep kuile met steil  
wande wat selfs die daarin gevalle koedoe wat deur die gras-  
bedekking bedrieg is, die ontsnapping belet. Saans egter  
moet die nagverblyf sorgvuldig afgeperk en met wa, doring-  
takke en vuur 'n soort skans gevorm word sodat geen leeu die  
trekosse sal aanval nie.

Mahlaleberge en die Nyl - Deur die wildernis wat deur  
die Olifantsrivier of Lepalule deurstroom word, het die rei-  
sigers by die sendingstasie Mahlale gekom wat skilderagtig  
tussen berge lê. Die hele gebergte daar bestaan uit verbrok-  
kelde granietklippe wat as stapels met die verrassendste  
vorme verrys. Daar is nou eens plate van verskeie honderde  
vierkante voet, dan weer afgestorte los rotsblokke, dan weer  
sierlike piramides of vestingagtige koppies. Die groepe  
klipformasies is deur klowe van mekaar geskei wat amper  
tot die dalbodem gaan, die gebergte splyt, oral baie skilderag-  
tige aanblikke lewer en bowendien met weelderige boom- en  
plantegroei versier is. Deur so 'n spleet heen sien jy die  
Blouberg, ongeveer 10 myl weg, en die Zoutpansberg, ongeveer  
15 myl ver. Die streek is dig bewoon deur Basoetoes, Mata-  
beles en 'n groep Banjai wat van die Zambezi hierheen geëmi-  
greer het.

Weswaarts van hierdie bergland strek die vlakte van die  
Nyl hom uit, 'n wye speelplek vir buffels, olifante en ka-  
meelperde, aan die ander kant deur die pragtige kliprante  
van die Hangklipreeks begrens. Die vlakte is vir bebouing  
stellig te warm en deur koors bedreig.

Hoe die naam van die Nyl in hierdie wildernis gekom het, is soos volg te verklaar. 'n Groep boere het enkele jare gelede opgetrek om noordwaarts gaande Jerusalem te bereik wat volgens hul vermoede nie ver was nie. Hulle word tans nog die Jerusalemgangers genoem. Hulle het 'n volk wat met pyl en boog skiet, ontmoet en hulle het in hulle die boogskutters wat in die Heilige Skrif vermeld word, gesien. Bovendien het hulle verneem van groot stadsmure met veel skatte en van die ruïnes van Christelike tempels - waarskynlik oorblyfsels van 'n Portugese faktory<sup>11)</sup> - hierdie vir Jerusalem gehou en geglo in die groot, met rietwalle omgewe rivier wat deur 'n breë vlakke stroom, die Nyl voor hulle te sien. Daarom heet die rivier nog steeds die Nyl.

Die moordhole van Makapanspoort - Waar die Nyl deur die gebergte van Makapanspoort breek, is die openinge van twee beroemde grotte wat deur Dr. Wangemann met 'n paar begeleiers op 8 Junie (1867) besoek is. Aan die ingang van die eerste grot het hulle regs 'n amper loodregte gat, amper soos 'n bron, gevind en die diepte daarvan op 40 tot 60 voet geskat. Links egter lei 'n breë, grootse saal na 'n geleidelik afdalende grot. Puin en roklippe het die grond in skuins helling bedek. 'n Soort voetpad het na onder toe geloop, waarbo links en regs skanse opgerys het. Nadat hulle die bodem van die grot bereik het, het hulle die smal ingang na die binneste vertrekke van die berg gesien en water opgemerk wat die bodem ondiep bedek het. Hulle het daardeur gewaad hoewel die water spoedig hul bors bereik het, en so deur 'n smal ingang in 'n tweede, taamlik omvangryke saal, 20 tot 30 voet hoog, gekom. Verder na agter liggende, ontsaglik hoë grotte met mooi ahangende druipeenvorme kon weens die steeds dieperwordende water nie besoek word nie.

Deur doringstruïke, oor skerp klippe en moerassige spruite, bergop, bergaf het die tog na die skilderagtige, amper loodregte klipprant gegaan waarin die tweede grot is. Nadat hulle 'n 20 voet hoë skans van los klippe wat die ingang versper, beklim het, het die reisigers in 'n ruim 100 voet diep in die berg skuins aflopende, enorme rotsgewelf gekyk. Nog verskeie skanse het die pad na benede toe versper. Benede was behalwe 'n groot veekraal ruimte vir honderde en duisende diere, maar daar het ook hope menslike gebeente, kopbene, ribbe en ledemate gelê.

Dit kan in die jaar 1852 gewees het dat Makapan,<sup>12)</sup> die koning van die hier wonende swart stamme, uit wraak vir 'n moord deur 'n boer op 'n swarte, 'n boerewa aan die brand gestee en man, vrou en kinders vermoor het. 'n Tydjie later het hy op 'n trek van vyf boerewaens geloer en hulle dieselfde lot laat ondergaan. Die drif aan die Nylrivier waar dit gebeur het, heet nou nog Moorddrift en die dorp wat 'n paar uur daarvandaan gebou is, voer behalwe die naam Makapanspoort ook dié van Piet Potgietersrust omdat die boerekommandant Piet Potgieter by hierdie geleentheid ook vermoor en hier begrawe is.<sup>13)</sup>

Toe het die boere 'n sterk kommando uitgerus om wraak op Makapan te neem. Die hoofman het met sy volk in die grotte gevlug. Toe in die eerste grot die water opgeraak het en die boere voor die ingang iedereen neergeskiet het wat na buite wou kom, het Makapan 'n dronk water aangeneem wat die boere hom aangebied het, maar daaraan gesterf omdat daarin vergif was. Daarna het die boere die origes belof om hulle te ontsien wanneer hulle na water buite wou kom, maar hulle het almal doodgemaak wanneer hulle na buite gekom het en wel die vroue en kinders tegelyk met die mans, omdat ook kinders en vroue van die boere deur Makapan se mense vermoor was.<sup>14)</sup>

Die tweede kompleks grotte geld egter in die swartes se oë as heeltemal oninneembaar, sodat hulle na bewering spottend die boere gidse gegee het om hulle daarheen te lei. Maar die boere het vuur voor die ingange aangesteek sodat die daarin verskuildes ellendig moes verstik. Behalwe die 200 tot 300 geraamtes wat in die hoofgrot lê, is daar nog allerlei gerei wild deurmekaar: karosse, matte, kalbasse, lepels, korwe, tabakdose, kledingstukke en sierade. alles in wild deurmekaarspul met mensebene vermeng, sodat jy werklik die indruk kry dat dit die graf van 'n hele volk is, hoewel die aangegeve aantal van 20 000 tot 30 000 mense wat in die grot omgekrom het, te hoog geskat is.<sup>15)</sup>

Met die groot grot is deur smal gange nog ander groter grotte verbind.

Warmbad - Toe Dr. Wangemann van Makapanspoort suidwaarts na Pretoria gereis het, het hy ook die beroemde Warmbad, die Teplitz en Karlsbad van die republiek Transvaal, aangedoen. Daar borrel heel dig by mekaar twee fonteine uit die grond, een kristalhelder en koud, en een eweneens amper smakeloos maar warm, uit 'n rietbos tevoorskyn. Die waterloop van laasgenoemde, waarin jy eiers kan kook en hoenders kan stoof, is as 'n reglynige kanaal uitgegrawe en aan albei kante daarvan kan kunsmatige klein kuile as badkuipe dien. Oor elke kuil is 'n allesbehalwe wind- en trekdigte klein riethut gebou. Daarin is buite die ongeveer 2 voet diep badkuil in die kleigrond slegs 'n beskeie plekkie waarop jy gebuk kan uit- en aantrek. Origens bied die bad niks aan gerief nie, geen gemeenskapshuis, nie eens 'n enkele woonhuis nie. Die pasiënte wat uit alle dele van die land hierheen kom, bring hul wa en miskien ook hul tent saam om daarin te woon, al die orige moet onder die bloot hemel gebeur. Badsalon is die vars lug, nagverblyf, kombuis, waloods, gemeenskapslokaal, plek van vermaak - alles die bloot hemel. Daarby kom weiveld vir die osse en vir die goeie skuts bied die nabye Springbokvlakte af en toe 'n stuk wild. Dit is die beroemde Warmbad wat volgens die mening van die mense alle kwale genees: ou wonde, tering, nier- en ander steenklagte, jig ensomeer. Daar was toe 10 tot 12 waens op besoek wat reeds vir 'n omvangryke badbesoek gehou word.

Militêre sake - Op pad na Warmbad het die reisigers 'n kommando boere ontmoet wat vir die oorlog teen 'n stamhoof

van die Zoutpansberg byeengeroep was. Dit het bestaan uit 80 tot 100 ossewaens, het dus meer as 1000 trekosse by hom gehad, daarby meer as 400 boere en meer as 100 swartes. Ook is bykomende watrekke van verder weg verwag. Kommandant-generaal Paul Kruger had 'n heel eenvoudige tent waarin slegs 'n tafel en enkele stoele was. Van uniform was geen sprake nie hoewel die generaal sy adjudant en sy krygsraad had. Almal is boer, elkeen bring sy wapens saam so goed as hy hulle besit. Kan hy 'n perd in die hande kry, dan bring hy dit saam, anders ry hy in 'n ossewa en veg te voet. Enkele boere het 'n fatsoenlike voorkoms gehad, sommige het egter haweloos uitgesien, sommige het op oermense gelyk met lang hare, breedgerande hoed en so meer, andere het listige, skelmagtige gesigte gehad, nog andere was vet menere wat stellig baie moeite sou hê om 'n halwe myl te marsjeer, andere was hoog bejaarde grysaards - 'n bonte deurmekaarspul.

Die aanvoering van so 'n kommando vereis baie geesdrif en nie weinig selfbeheersing nie. In die dae van optrek bestaan nog enkele bande van militêre dissipline. Maar as die kommando 'n tyd lank teenoor die vyand gestaan het, kry hulle genoeg van die saak en hulle begin die een na die ander te vertrek. Wanneer die kommandant streng sou wil optree, sou die hele boeregemeenskap verontwaardig wees omdat dit geen manier is om met mense om te gaan nie. Van die krygslui doen elkeen op eie hand wat hom goeddunk en die meerderheid vind dat dit nou tyd is om huis toe te gaan. Of die doel van die kommando bereik is of nie, of hulle deur hul vertrek hele groepe families en hele landstreke aan die vyand prysgee, dit alles is beskouings van ondergeskikte belang. Op die eerste plek staan die onomstootlike bewys dat die meerderheid geen lus het om verder te veg nie. En hulle gaan weg - die andere volg. Die kommandant bid en smeek, besweer, huil, maar dit alles baat nie, die kommando gaan huis toe. Daarby is die kommandant verantwoordelik vir elke man wat daar val, want geen boer reken daarop, wanneer hy op kommando gaan, dat hy in die oorlog ook kan sneuwel nie. Die boer skiet baie noukeurig en seker, ook op groot afstande, hy is daarom 'n gevaarlike teenstander, maar hy moet nie die kans loop om self doodgeskiet te word nie. As hierdie kans hom voordoen, gaan die boer vas en seker uit die pad en dis juiste taktiek vir hom om die deur vir die aftog oop te hou. Sou die deur vir hom gesluit word dan sou hy hom nie soos die swarte laat verwurg nie, maar hom dapper as 'n leeu verdedig tot die laaste man.

Dit kom egter selde so ver dat 'n kommando ook maar op die been gebring word. Wanneer die Staatspresident die kommando sou opgeroep het, ondersoek die meeste baie nougeset of dit wettig of wel onwettig is. Skyn die geleentheid om op die krygstog vee of swart kinders te buit nie baie gunstig nie, dan is spoedig 'n rede te vind om die kommando onwettig te verklaar en dan kom hulle eenvoudigweg nie op kommando nie. Is daar werklik 'n aantal by mekaar en kan daarom die generaal sy oproepe reeds nadruk gee, dan kry die weieragtiges boete, 3 pond sterling en nog eens 3 pond sterling. Maar

dan gaan weer 'n geskreeu van verontwaardiging op dat dit geen manier is om met die mense om te gaan nie, dit sou hulle die goewerment wel toon ensomeer. Gewoonlik word dan die inning van die boete uitgestel tot na die kommando se veldtog en dan ontbreek selde 'n gemoedelike rede om die boete of kwyt te skeld of tot 'n minimum te verlaag.

Onafhanklikheidsin van die boere en gewilde trekkery - Sy vrydom van gebondenheid gaan by die boer bo alles. Om hom onder 'n gereelde en gedetailleerde wetgewing te stel is vir hom ondenkbaar. Die wet is vir hom slegs van waarde in sover hy die andere op 'n afstand kan hou en hy onder beskerming daarvan iets van andere kan verlang. Die gevoel om by 'n staatsverband te behoort, 'n vaderland te hê, is hom volledig vreemd. Daar bestaan geen Transvaalse volk nie maar slegs klieke van afsonderlike families wat mekaar help in sover eiebelang daarby voordeel het. Die boere het weg van die wetlike instellings van die Engelse in die ou Kolonie in die Vrystaat gevlug en uit die Vrystaat na die Republiek. Sou tans hier 'n wetlike volledig gereelde toestand tot stand gebring word, en wel so streng dat moord, kinderroof, afpersings van alle soorte jeens die swartes met objektiewe regverdigheid gestraf sou word, dan sou 'n groot deel van die boeregemeenskap buite staat wees om dit te verdra. Die boer sou "trek", dit wil sê na die Zambesi om 'n nuwe tuisland te soek, daar geen vaderlandsliefde hom aan sy grond hier bind nie.

Die boer het in die algemeen 'n sterk neiging tot sulke trekke. Toe Dr. Wangemann in Junie (1867) van Warmbad suidwaarts deur die Bosveld gery het, het hy regs en links boerewaens en kuddes vee gesien. Want in die winter bied hul plase geen voer nie en trek die boere die warm Bosveld in. Daar verloor slegs enkele bome tydelik hul blare sodat hulle ook midde in die winter nog altyd groen vind, en daarby 'n redelik warm verblyf, voldoende gras vir die diere en genoeg wild, soos fisante, tarentale, poue, patryse, springbokke, rooibokke ensovoorts vir die eettafel. Dit is 'n lewe wat die boer geval, heeltemal onafhanklik op grond en veld wat nie aan hom behoort nie maar tog deur almal gebruik word, - 'n menigte boere met dieselfde doel in die nabyheid sodat daar geleentheid vir besoeke en gesprekke is. So trek die boer met vrou en kind, osse en bokke, swart personeel en honde uit sodra die winter begin. Sy wa is sy huis, die kaal grond sy kombuis, die struikgewas sy houtskuur, die vrye veld sy weiveld, die wild sy kos. As sy geldmiddele ruim is, het hy 'n tent by hom.

Posverkeer - Met sulke primitiewe sosiale toestande is ook die kommunikasiewese in ooreenstemming. Die pos byvoorbeeld word by die boere deur swartes in 'n oop ransel besorg. Daar geen swarte die reg het om hom teen die boer te verset gebeur dit volstrek nie selde dat onderweg 'n boer die posransel oopmaak, elke private brief na goeddunke uitneem, dit lees en dit met oblie digplak en verder stuur,

onderskeidelik weggooi nie, of dat hy die koerante wat hom interesseer, uitneem en sommer een of twee maande by hom hou voordat hy hulle deurstuur. Dit is 'n waar geluk dat die leesvaardigheid van die meeste boere en hul vroue nogal swak is, anders sou die saak nog bedenkliker wees. Selfs in Pretoria vind die versending van die pos geensins gereeld plaas nie maar word dit na omstandighede twee tot drie dae uitgestel. Die poswese verskaf op geen enkele wyse sekerheid en daarom word dit ook selde gebruik.

Die distrik Lydenburg - Na sy terugkeer oor Pretoria na Botshabelo het Dr. Wangemann vandaar uit 'n groot deel van die distrik Lydenburg ooswaarts tot die hoofdorp en noordwaarts tot Sekoekoeni se kraal ten ooste van die Loloberge, 3000 voet bo die vlakke oprysend, bereis. Hy het talle klagte gehoor oor die toestande in die distrik wat vroeër 'n selfstandige republiek was en eers enkele jare gelede deur die Transvaalse republiek gedwing is om hom daarby aan te sluit. In stryd met gesluite verdrae is die grense van die republiek verander, nog ongebruikte grond is vir 'n groot deel verkoop en die land is met papiergeld oorstroom, hoewel niemand dit wil aanvaar en slegs met 'n korting van 30 persent aanneem, maar wat 'n gedwonge koers van die vol waarde by alle openbare transaksies het. Binnekort sal die geld, waarvoor geen middele as waarborg meer beskikbaar is nie, waardeloos en die land bankrot wees.

Die Lydenburgers word vir alle algemene laste stewig aangespreek, maar daar gebeur niks vir die welvaart, ja, die redding van die land nie. Mapog se swartes word daeliks vrypostiger en sit nog ongestoord in hul grotte sonder dat die regering 'n hand verroer. Ook Sekoekoeni<sup>16)</sup> word oormoedig sonder dat hy afgeweer word. So kan die boer glad nie meer veilig op sy grond woon nie. Daarom het 'n groot aantal reeds weggetrek en die mooiste plase lê leeg en onbebou. Maar hoe meer boere wegtrek, des te swakker word die verdedigbaarheid van die land. Die beste sou wees dat die Lydenburgers op grond van nie-nakoming van die verdrae deur Pretoria hulle weer sou afskei en 'n eie republiek stig. Die distrik Lydenburg is vrugbaar en 'n geseënde land wat egter volledig plat lê. Die dorp self is arm.

Die Hoëveld in die winter - Tussen Botshabelo en Lydenburg het die reis oor 'n hoogvlakte - die Hoëveld - gegaan wat in Junie, dus midde in die winter, 'n treurige gesig opgelewer het. Dit bestaan uit lang, boomlose bergreekse, ten dele stadig, ten dele steil aflopend. Hulle word afgewissel met langgestrekte vleie, dit is dalgronde. Onderin is klein spruite of diep moerasse; slegs met groot moeite kom die wa daar vooruit en die trekkiers moet snags sorgvuldig teen die aanvalle van die talryke leeus beskerm word.

Van alle somerse skoonheid en van die pragtige, groenige gras ontbloom, strek die swartgebrande vlaktes hulle na onafsiensbare verte uit. Slegs hier en daar het hulle by die afbrand 'n plek gespaar om die winterreisiger tog skamele

voedsel vir die trekdier te laat kry. Uit die swart vlakke staar die kaal klipgruis of die droë bodem sodat die geheel die beeld van die gruwel van verwoesting oplewer, en daarby die lang rit deur die woesteny waar 'n mens oor afstande van 15 Duitse myle geen enkele boereplaas aantref nie. Daarby kom die gevoelige nagkoue wat in Botshabelo die water met vingerdik ys bedek, en waarmee die bloedige warmte van die middagure 'n gevoelige teenstelling vorm. Dit alles het die winterreis oor die Hoëveld 'n weinig aangename werk gemaak.

Daarenteen bied die wild wat in enorme troppe vorentoe storm en die groen grasplekke soek, 'n mooi gesig. Honderde zebra's, wildebeeste, springbokke, blesbokke ensomeer, hardloop verby: die zebra, mooi soos 'n perd; die wildebees, half bees half perd, wat soos die Wilde Jag voortstorm;<sup>17)</sup> die springbok, veerkragtig en mooi soos 'n rubberbal wat nouliks die grond aanraak om dit weer met spronge van 20 voet te verlaat - dit alles bied 'n pragtige skouspel en talle jagters sou hier 'n jagtersparadys vind waar in geringe verte vir die moediges ook leus, olifante, volstruise en buffels aangetref word.

Ook die uitgestrekte Hoëveld wat die reisiger op die terugweg van Botshabelo na die Vaal deurgetrek het, was nou grotendeels 'n kaal, swart woesteny.

Die Drakensberg - Anderkant die Vaal in die rigting van die grens met Natal het hy spoedig die Drakensberge genader wat soos 'n massa onordelike, deurmekaar gegooide klippe uit-sien, maar wat 'n mens met 'n bietjie fantasie in drie ewewydige reekse kan groepeer. Die eerste reeks heet die Versamelberge wat die pad kruis op 'n plek wat "Grasnek" heet. Die tweede reeks heet die Oudhoutboschrand, wat eweneens ongeveer 2500 voet bo die vlakke rys. Die derde, veel laere rant heet die eintlike Drakensberge. Vanaf die tot 700 voet hoë hoogvlakte aan hul westelike voet gesien, lyk hulle nie-tig want slegs die hoogste toppe steek 'n bietjie uit; des te indrukwekkender daal hulle ooswaarts na die warm Natal af.

By die laaste strale van die son het die reisigers die laaste reeks van die Drakensberge bereik en kon hulle nog 'n blik ondertoe werp op die see van rotskoppe in Natal wat deur die skerp getande Biggarsberge begrens word. Daarna het pylsnel die nag gekom en het alles bedek. Maar toe het hy 'n nuwe skouspel gebring: die gesig op 'n verligte land. Dit was juis die tyd waarin hulle daar gewoon is om die gras te brand en sulke grasbrande is veel grootser as enige kuns-vuurwerk. Een brand strek hom dikwels 'n halfuur ver uit, trek stadig vorentoe bewegende vuurlyne oor swart berge en vlaktes en werp snags 'n helder vuurskynsel teen die hemel. Hulle het van bo af tien verskillende bergbrande getel sodat die halwe horison rooiagtig gegloei het. Die mees nabye brande het die vorm van 'n lawastroom gehad wat uit 'n hoë rotskop tevoorskyn wellend hom vanaf 'n berg uitgiet.

Op 3 Augustus (1867) het hulle aan die wal van die Buffelsrivier gekom wat Natal aan die noordekant begrens, en op 26 September na besoeke aan talle sendingstasies het Dr.



Wangemann in Durban hom op 'n stoomskip ingeskeep wat hom terug na Europa sou bring.

(Slot)

-o-

Verwysings van C. de Jong by die reisverslag van Dr. H.T. Wangemann

- 1) Dr. Hermann Theodor Wangemann kyk "Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek", deel een, Kaapstad-Pretoria 1968, p.900-901.
- 2) Sandile 1820-1870, opperhoof van die Rarabestam in Transkei, kyk "Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek", deel 2, Pretoria 1972 (herdruk 1986), p.,630-632.
- 3) Lobola is die bruidskat wat 'n swartman wat in stamverband wil trou, aan die ouers van 'n swart bruid moet gee, meestal in die vorm van 'n gestipuleerde aantal beeste, in ons tyd somtyds in geld.
- 4) Bethulië was 'n sendingstasie van die Berlynse sendinggenootskap in die suidelike Oranje-Vrystaat, genoem na die stad Bethyla in die apokriewe Bybelboek Judit.
- 5) Betanië was 'n sendingstasie van die Berlynse sendinggenootskap by Bloemfontein, genoem na die dorp Betanië by Jerusalem, meermale deur Jesus Christus besoek.
- 6) Alexander Merensky kyk "Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek", deel een, 1968, p.556-559.
- 7) Fort Wilhelm by die sendingstasie Botshabelo van die Berlynse sendinggenootskap is so vernoem deur sendeling Alexander Merensky na die Duitse keiser Wilhelm I en is later Fort Merensky na die sendeling genoem.
- 8) Mapog, ook Mapoch en Mapok gespel, in Noord-Sotho Maboko, is die naam van 'n Ndebelestam in Oos-Transvaal. Die boere het die hoofde van die stam ook Mapog genoem. Die Mapoghoof wat die Tranvalers soveel moeite besorg het, het Nyabele geheet; hy is gebore tussen 1825 en 1830 en oorlede in 1902. Kyk "Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek", deel een, p.624-626.
- 9) Die outeur van die lewenskets van Nyabele in "Suid-Afrikaanse biografiese Woordeboek", deel een, p.625, skryf: ""Die Boere omsingel hom en honger sy volk uit tot hulle soos geraamtes ronddwaal, maar die kommando draai te gou om, huis toe, en van 'n oproep van 'n tweede kommando kom niks, sodat die Lydenburgers verplig is om vrede met Mabhogo te sluit, selfs 'n jaarlikse skatting aan vee aan hom te betaal en hom as baas van die gebied te erken. Hy raak vermetel, beskou hom as oorwinnaar van die Boere en bly uitdagend en trots." Die outeur haal hier blykbaar letterlik Wangemann se reisverslag 1866/67 aan, soos weergegee in my vertaling, of anders moontlik H.T. Wangemann se artikel wat deur hom as bron vermeld

word: "Die Erstärkung der Transvaalregierung gegen die Eingeborenen", in "Allgemeine Missionszeitschrift", deel 9, jaargang 1864. Hy vermeld die uitgebreide veediefstalle deur Nyabele, nie alleen van vee van die buurvolk die baPedi nie, maar ook van die boere en die Berlyne sendinggenootskap; vandaar Wangemann se afkeuring van Nyabele se gedrag en van die slap houding van die Lydenburgse boere jeens Mapog.

- 10) Gerlachshoop was 'n stasie van die Berlyne sendinggenootskap in Mapogland in Oos-Transvaal en is deur die Mapogvolk verwoes. Dit was vernoem na generaal Leopold von Gerlach, 'n hoë Pruisiese offisier en 'n vooraanstaande bestuurslid van die Berlyne sendinggenootskap in die eerste jare na die stigting daarvan. Kyk Julius Richter, "Geschichte der Berliner Missionsgesellschaft, 1824-1924", Berlyn 1924.
- 11) Die gerugte oor stadsmure en Christelike of nie-Christelike tempels in die ver en onbekende noorde het miskien hul oorsprong gevind in die bouvalle van bouwerke wat waarskynlik deur swart stamme in Noord-Transvaal gestig is, byvoorbeeld by Njelele, en wat in Rhodesië (die huidige land Zimbabwe) opgerig is, byvoorbeeld die bouwerke by Zimbabwe. Die verwysing na restante van 'n Portugese faktory of handelsnedersetting lyk my ongegrond.
- 12) Makapan of Mokopane kyk "Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek", deel 2, Pretoria 1972, p.488-489.
- 13) Wangemann doel hier op die moorde deur volk van Makapan gepleeg op boeregesinne by Moorddriif in September 1854 - nie 1852 nie, soos Wangemann onnoukeurig berig. Een van die vermoorde gesinne was dié van veldkornet Hermanus Potgieter, broer van die Voortrekkerleier Andries Hendrik, met vrou en kinders. Kommandant Piet Potgieter, seun van genoemde Andries Hendrik, is nie vermoor nie, hy het gesneuwel tydens die beleg deur die Boere van Makapan en sy volk in die Makapangrot in Oktober 1854. Kyk J.J. Oberholster, "Die historiese monumente van Suid-Afrika", uitgegee deur die Kultuurstigting Rembrandt van Rijn op versoek van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, Kaapstad 1972, p.319-320.
- 14) Volgens die lewenskets van Makapan of Mokopane in "Suid-Afrikaanse Biografiese Woardeboek", deel 2, p.489, het die baPedi-volk Makapan en sy stamgenote verskeie male beoorlog en in die Makapangrotte gedryf en beleër en hulle daar groot verliese toegebring. Die bene van Makapan se volk afkomstig in die grotte aangetref, is dus nie alleen van slagoffers van die boere as beleëraars nie, maar ook van die ba-Pedi as beleëraars. Verhale van die gruwelike taferele in die grotte het aandag in Europa getrek, onder meer in Groot-Brittanje en Duitsland; hulle is te vinde in hoofstuk een van die bekende jeugboek "Pieter Marits", wat deur die Duitse skrywer August Niemann in die jare '80 gepubliseer is en in Duitsland en Nederland talle lesers gevind het.
- 15) Wangemann en ander Europeërs het kenlik die voorstelling van sake by die beleëring van die Makapangrotte van die swartes se kant oorgeneem en nie die voorstelling van sake van die Transvalers se kant nie.
- 16) Sekoekoeni, hoofman van die baPedi-volk, kyk "Suid-Afrikaanse Biografiese Woardeboek, deel 2, 1972, p.683-685.

- 17) Wangemann sinspeel op die Wilde Jag in die volksgeloof in Wes-Europa; dit was 'n stoet van berede jagters wat in stormagtige nagte langs die hemelgewelf storm onder aanvoering van die Wilde Jagter; hy was in die voorgaande heidense tyd die Germaanse krygsgod Wodan.

Voetnote in die oorspronklike Duitse teks

A) Noot een - verwysing een

'n Planimetriese berekening, gebaseer op die kaart van Jeppe en Merensky, in die instituut van Perthes het 5152 Duitse vierkante myl as resultaat gegee.

Baie onlangs het die Republiek Transvaal sy grense weer aansienlik uitgebrei deur uitvaardiging van 'n proklamasie wat die hele gebied van die Wes-Betsjoeana's tot 'n lyn van die Ngamimeer na die Langeberge noord van die Oranjerivier as binne die grense geleë aandui, en wat in die ooste 'n landstrook aan die walle van die Umzuti en Pongola tot die mond van die Delagoabaai annekseer. Spoedig sal blyk of hierdie aansprake onaangevogte sal bly.

Die proklamasie het in die Staats-Courant van 29 April 1868 verskyn en lui soos volg:

Staats Courant der Zuid-Afrikaansche Republiek No. 243

Pretoria, Woensdag, April 29, 1868, Vol(ume) XI (bls. een)

P R O C L A M A T I E

Ik Marthinus Wessel Pretorius, Staatspresident der Zuid-Afrikaansche Republiek, handelende met advies en toestemming van den Hoog-Ed(el) Achtb(aren) Volksraad van gezegde Republiek:

proclameer bij dezen, dat de grenslyn der Republiek zal zyn als volgt:

Gedeeltelyk ten Oosten, ingevolge overeenkomst getroffen tusschen de Republiek en de Kafferking Umswaas d.d. 25 July, 1846, en 21 July, 1855, van de onderste poort van Comatie Noordwaarts al onder den berg langs tot aan de onderzyde van de poort aan Olifantsrivier,

Noord van Olifantsrivier op de Pokioenieskop, vandaar met eene regte lyn Noord-Oostwaarts tot aan de Limpopo of Krokodilrivier, alwaar Paforis rivier inloopt, ten Noorden van deze Rivier op tot waar het gebergte Spelonken aan de Limpopo of Krokodilrivier schiet, met dit gebergte tot waar hetzelfde Noordwaarts naar de rivier de Zouga draait, van dat Westelyk punt of die hoek van het gebergte met een regte lyn naar de rivier Kuway waar de rivier Shangalie in dezelve loopt, en met de Zouga tot in het Meer Ngami ten Westen van het genoemde Meer met eene regte lyn tot aan het Noordepunt van Langeberg en met dit gebergte tot aan de lyn tusschen de Republiek en de gronden behoorende aan Mahura, Gazibon en Jantje, insluitende de gronden geproclameerd door de Republiek by proclamatie van 1858,

Verder wordt geproclameerd, van de onderste punt van Comati, al met de lyn van nu wylen Umswaas op, tot aan de rivier Umzutie, met inbegrip van de Pongala rivier en de Umzutie rivier tot waar dezelve zich ontlast aan de Oostkust van Afrika in Zee, insluitende een myl gronds aan weeziden der rivier.

M.W. PRETORIUS, Staatspresident

By order,

J.W. SPRUYT, Gouvernements Secretaris.

